KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 45 (5) VAN DIE MAATSKAPPYWET 71 VAN 2008

VERLENING VAN FINANSIËLE BYSTAND (WAARBORGE) AAN CARPE DIEM RAISINS (EDMS) BPK

1. Ons verwys na Spesiale besluit 2 goedgekeur deur die aandeelhouers van KLK Landbou (die Maatskappy) op 19 Julie 2016 waar besluit is dat tot die mate vereis ingevolge en verder onderhewig aan die bepalings van artikel 44 en 45 van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, die aandeelhouers die Maatskappy magtig om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee jaar, wat 'n aanvang neem op die datum van hierdie besluit, enige direkte of indirekte finansiële bystand, soos bedoel in daardie artikel van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye (soos omskryf in die Maatskappywet) van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sulke verwante of interverwante maatskappye of aan enige persone verwant aan enige sodanige maatskappy, op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Direksie, of enige een of meer persone deur die Direksie van tyd tot tyd daartoe gemagtig vir die doel, mag goeddink.

2. Ons lig u in dat die Direksie van KLK Landbou Beperk op 24 November 2016 besluit geneem het om aan Carpe Diem Raisins (Edms) Bpk addisionele finansiële bystand (waarborge) te verleen vir die bedrag van R12 500 000 (Twaalf Miljoen Vyf Honderd Duisend Rand) ten gunste van FirstRand Beperk binne die bepalings van artikel 45 van die Maatskappywet 71 van 2008.

3. Die doel van die kennisgewing is om uitvoering te gee aan artikel 45 (5) van die Maatskappywet 71 van 2008.

Op las van die direksie

G Marquard

Maatskappy Sekretaris